Afrikaanse Onderwysnetwerk

Die Kompas

'n Agtergrond dokument, met kort beskrywings van die benaderings wat gebruik word, bv. Dewey, Montessori, Reggio Emilia, STEAM (Science, Technology, Engineering, Art, Mathematics), Finland se benadering en die HighScope-model, wat geskoei is op Piaget se idees en beklemtoon dat kinders aktiewe leerders is wat die beste leer deur aktiwiteite wat hulself beplan en uitvoer.

Dewey	Montessori	High Scope	Reggio Emilia
Kindgesentreerd	Selfaktiwiteit	'Plan-do-review'	Gemeenskapsbe-trokkenheid
Sosiale interaksie	Goed voorbereide omgewing	Beplan-doen-bepeins	Omgewing – die 'derde onderwyser'
Dagprogram soos tans	Vaardighede deur middel van sintuie	Onafhanklike leer	Interaksie en konstruktiewe leer
Ontspanne atmosfeer	Bevorder onafhanklike leer	Multi-sensoriese aktiwiteite	Ontdekking en eksperimentering
Voorbereiding vir skool deur roetine	Doelgerigte speelapparate	Ontwikkeling van denkvaardighede	Teken, verf, klei, konstruksie, praat en vertel
Speelareas: blok-, kuns-, boek- ens.		Gehalteonderrig	

Die Kompas kan as 'n kurrikulum gebruik word, en gee inligting oor die ontwikkelingsvlakke van kinders, perseptuele ontwikkeling, motoriese ontwikkeling, taalontwikkeling en lewensvaardighede. Sosiale-, sensoriese en emosionele intelligensie word aangespreek. Die dokument maak voorsiening vir die holistiese ontwikkeling van die kind – geen aspek kan afgeskeep word nie.

Die kind leer deur te speel, te ontdek, oplossings te vind deur kreatief te dink, te analiseer, vaardighede te ontwikkel, deur hul sintuie te gebruik. Hoe kinders leer is oneindig en die doel van die dokument is om die agtergrond te skets, wat in gedagte gehou moet word, as 'n daaglikse program aangebied word.

Die onderwyser stel die geleenthede daar vir ontdekking, vir eksperimentering, vir kreatiewe denke, vaardigheidsontwikkeling, hul stel die probleme wat opgelos moet word, die kinders moet self doen, self oplossings kry en hul eie inisiatief gebruik, hul idees kom deel, items bring waaroor hul wil hê daar gepraat moet word, hul kennis en belangstellings deel en uitleef. Die program is kindgerig.

Die meeste skooltjies in ons land werk anders – hul koop ‘n program en werkboeke, wat hul slaafs navolg. Die gemaklike manier is om fotostate te maak, die werkboeke te gebruik en dan te glo hul tree in die beste belang van kinders op. Formele werk word gedoen, wat glad nie by die ontwikkelingsvlak van die kinders pas nie, voorskoolse kinders is in ‘n informele breinfase en moet daarom aan ‘n informele program blootgestel word.

Die Dinamo

As teenvoeter hiervoor is die Dinamo geskryf. Dit is ‘n dag-tot-dag program, maar is nie voorskriftelik nie. Al die modelle wat hierbo genoem is, is in ag geneem, om hiervan ‘n kindgesentreerde program te maak. Daar word van temas of onderwerpe gepraat, wat as ‘n riglyn dien vir onderwysers.

Daar word gevind dat onderwysers wat in baie gevalle minder opgelei is, maklik in ‘n groef verval waar hul elke dag dieselfde aktiwiteite herhaal. Waar hul elke dag net in die werkboekie werk en vergeet van al die wonderlike en honderde aspekte van kinderontwikkeling, wat daagliks aandag behoort te kry.

In die program is daar roeitinetye, wat belangrik is vir die kinders om veilig te voel, maar dit moet die minimum tyd in beslag neem.

Daar is tyd ingeruim vir besprekings, ontdekking en navorsing oor ‘n onderwerp. Die onderwerp kan ook deur die kinders bepaal word.

Daar word voorsiening gemaak vir perseptuele ontwikkeling, taalontwikkeling, wat onontbeerlik is vir latere lees en taalbegrip. Ruim geleenthede vir vryspel en grootmotoriese ontwikkeling word voorsien, sodat kinders kan beweeg, kan ontdek, kan ondersoek, kan eksperimenteer, volgens hul eie voorkeur.

Geleentheid vir vaardigheidsontwikkeling, die behoefte om te skep en kunstig met apparaat om te gaan, die natuurlike ervaring van wiskunde en wetenskap, musiekbelewing, te beweeg, met taal om te gaan, sosiaal te ontwikkel, verbeelding te gebruik, emosioneel te onwikkel, word ruim geskep.

‘n Besige, interessante, uitnodigende program, om kinders op alle vlakke te stimuleer, uit te daag en voor te berei vir die wêreld en die tyd waarin hul leef, maar ook vir die oneindige moontlikhede wat in die toekoms voorlê.